Koninkryk 2008

sig nuusbrief

Durbanville Gemeente

saam in diens van God se nuwe wêreld

# KONINKRYK van God

- Ds Gys van Schoor

Jesus se hele bediening op aarde gaan oor die koninkryk van God. Jesus begin sy aardse bediening met die woorde: “Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom." Meeste van Jesus se gelykenisse handel oor die koninkryk. Jesus se wonders was tekens van die aanwesigheid van die koninkryk van God. Die Bergrede handel oor die nuwe lewenswyse hier op aarde van mense in die koninkryk van God.

Waaroor gaan die koninkryk van God? Wat is die koninkryk van die hemel? Die koninkryk van God en die koninkryk van die hemel kan as wisselterme beskou word. Dit gaan in hierdie begrippe nie oor 'n plek, die hemel, waarnatoe ons gaan wanneer ons doodgaan nie. Dit gaan hier oor God se regering. Dit gaan oor God se koningskap. Dit gaan oor God se heerskappy. In en deur Jesus kom God sy koningskap, sy heerskappy vestig op aarde.

Na die sondeval en die mens se rebellie teen God se koningskap, het die hele skepping stukkend geraak. Mense het geweier om God se gesag te aanvaar. God laat egter nie sy skepping los nie, maar roep Abraham om naby Hom te leef, sodat God deur Abraham die nasies kan seën. En deur Abraham kies God Israel uit genade om sy volk te wees en 'n lig vir die nasies te wees. God verlos hulle uit Egipte en lei hulle deur die woestyn na die beloofde land om daar tussen die heidennasies te leef as 'n lig vir die nasies.

Israel is egter die verhaal waarin die rebellie teen God voortgesit word. Hulle weier om God se koningskap te aanvaar. Hulle loop agter ander gode aan. Hulle volstrekte weiering om as God se volk te leef en so 'n seën vir die nasies te wees, loop uit op hul ballingskap. En vir eeue sou Israel leef onder vreemde regerings. Daarom was daar die verwagting dat God iets groots in die toekoms sal doen. Hulle het die koms van die koninkryk van God verwag. Dat Hy sal kom om sy koningskap te kom vestig op aarde.

Met Jesus se koms gebeur presies dit. Die Koning is hier! Maar op 'n vreemde manier, in 'n vreemde gestalte. In die gestalte van 'n bloukraag-werker van Nasaret. Dit is nie net wat Hy sê wat vreemd is nie: jy moet jou vyande liefhê; moenie oordeel nie; bid vir jou vervolgers, maar ook sy optrede: Hy eet saam met sondaars; Hy was sy dissipels se voete; Hy raak aan 'n melaatse. Wat is vreemder as dat die Koning 'n tydjie later “magteloos” aan 'n kruis hang?

Maar dit is veral met die Opstanding dat Jesus se koningskap bevestig word. Hy is waaragtig die Koning! En dit wat God met die Opstanding vir Jesus gedoen het, gaan Hy aan die einde vir ons doen. Ons leef in die tussentyd. Die koninkryk het reeds in Jesus gekom, maar aan die einde sal dit volledig erken word, sal elke knie moet buig en elke tong moet erken: Jesus is Heer. Die kerk is die mense van God se nuwe wêreld, wat nou reeds Jesus se koningskap aanvaar en onder Sy Heerskappy lewe. Hy leer ons bid: Laat U koninkryk op aarde kom, net soos in die hemel.

Maar ons word geroep om ook meer te doen. Ons word ook in diens geneem vir die koninkryk. Ons is medewerkers van die Koning. Ons is die lig vir die wêreld. Ons is die sout vir die aarde. Die hoop van die wêreld lê nie in nuwe wetenskaplike uitvindings, of in 'n nuwe politieke bestel of tegnologiese vordering nie. Ons hoop is Jesus: die Koning van die kosmos. Daarom hoop ons vir 'n beter toekoms vir die armes, siekes, eensames, slawe, vlugtelinge, hongeriges, weeskinders en weduwees. Daarom bid ons vir hulle. Daarom is ons saam in diens van hierdie hoop. Ons is medewerkers van God se nuwe wêreld. Jesus is Here! Hy is die hoop vir die wêreld.

# Uit die Woord

## *Stories van hoop* - Ds Freek Serfontein

Sedert die begin van die semester luister ons gemeente elke Sondag na "stories van hoop." Dis stories wat uit die Bybel kom en wat ons wil help om nie moed te verloor nie, maar om altyd te onthou dat God deel van ons lewens is. 'n Paar keer het van ons lidmate ook kans gekry om 'n storie uit hulle lewe met ons te deel. En hoe help dit ons nie om net beter te begryp dat dieselfde God van die Bybel vandag nog ook met ons besig is nie. Die God van Abraham en Moses en Miriam is nou die God van Rian en Hester en Ina en ...

Terwyl ek hieroor nagedink het, het ek net weer besef hoe bevoorreg ons is. Ons leef in 2008 in 'n wêreld waarin die tegnologie en die vooruitgang 'n mens soms verbyster. Daarmee saam gaan die alewige druk op mense om te presteer en nog beter te doen. Dis 'n wêreld wat soms hard en ongevoelig kan wees. Dit kan ook 'n wêreld wees waarin baie mense nie vir God erken nie. 'n Wêreld waarin 'n groot persentasie mense reken dat hulle heel gemaklik sonder God kan klaarkom.

Watter wonder is dit dan nie om hieroor anders te kan dink nie! Om op 'n Sondag te kan luister na die Woord en om God se stem te kan hoor. Om in die stories van hoop uit die Bybel en uit mense se lewens, te kan hoor dat God die lewe vir ons anders kan maak. Dat ons kan leer dat in hierdie gejaag, God in sy liefde en genade, Hom oor my en jou ontferm; ons sy kinders maak. Dat die Here ons help om balans in ons lewens te kry; ons leer om nie net te leef en te werk vir die dinge van die wêreld nie.

Ons hoor die verdere goeie nuus dat God ons by sy plan wil inskakel om van hierdie wêreld 'n beter plek te maak. Dat Hy ons leer om vir 'n medemens in nood te kan intree. Om vir iemand wat honger is, 'n bekertjie sop te gee. Vir iemand wat koud kry, 'n kombers. Iemand wat met vervoer sukkel 'n geleentheid aanbied. Iemand wat nie 'n bestuurslisensie het nie, help om een te kan kry. Praat nou van stories van hoop ... die moontlikhede is eindeloos.

# Uit die Wêreld

## *My Olimpiese heldin:* NATASHA - Ds Tinus van Zyl

Soos wat ek die Olimpiese Spele in Beijing dopgehou het, het ek weer opnuut ontdek: die koninkryk van God werk darem maar heeltemal anders as hoe ons mense se koppe werk. In die koninkryk van God is die wat laaste is, eerste, en die wat die minste is, die belangrikste, maar nie by die Olimpiese Spele nie! Die wêreld gons oor Michael Phelps wat 8 goue medaljes in die swembad behaal het, maar ek kan klaar nie meer onthou wat die naam is van die ou wat met een honderdste van 'n sekonde teen Phelps verloor het in een van die items nie. En wat van die arme 17-jarige Suid-Afrikaanse meisie wat in die duik-kompetisie twee keer op haar gesig geval het, en nog steeds braaf genoeg was om 'n uitstekende derde duikslag te maak? Of wat van die meisie in Durbanville wat luggeweer skiet, en wat die Olimpiese kwalifikasie met 4 punte gemis het? Hulle name sal nie erkenning kry in Beijing nie.

Gevolglik het ek besluit dat Natasha my Olimpiese heldin is. Ek het vir Natasha ontmoet op 'n uitstappie na Shiloh Christelike Opheffingsentrum in Wallacedene, die plakkerskamp anderkant Kraaifontein. Terwyl sy sit en kraletjies inryg, met een hangertjie wat haar naam vertoon: N-A-T-A-S-H-A, vertel sy vir my dat sy gimnastiek doen en dat haar gunsteling apparaat die balk is. "Hoe dikwels oefen jy?" vra ek. Dinsdae en Vrydae middae van 15:00 tot 18:00 by Bellville-Uitsig Gemeente, vertel Natasha vir my. "Nou kry jy darem iets om te eet na skool, sodat jy nie op 'n leë maag hoef te oefen nie?", is my dom vraag. "Nee, oom." Sonder woorde sit ek maar en kyk hoe Natasha geduldig die kraletjies een vir een inryg. In die koninkryk van God kry Natasha 'n goue medalje, en sal haar naam nooit vergeet word nie, so glo ek.


# Adverteer in SIG

Die kostes vir advertensies is as volg:

| | |
|---|---|
| Vol blad | R1500-00 |
| Halwe blad | R750 |
| Kwart blad | R375 |
| 1/8 blad | R188 |

Kontak die kerkkantoor by 021 975 6370.
(Die redaksie behou hom die reg voor om advertensies, wat nie pas by die aard van die SIG nie, nie te plaas nie.)



# Redaksie

Redakteur:
Ds Tinus van Zyl

Redaksielede:
Ds Rian Verster
Jackie Pretorius

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG, of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.

# Vyf brode en twee vissies

- Marian Robertson

'n Sleepwaentjie, 2 potte sop en 'n paar brode was die begin van wat vandag bekend staan as die Shiloh Christelike Opheffingsentrum. 'n Droom, naamlik die omvattende opheffing van kinders in die Bloekombosomgewing, is steeds besig om waar te word deur die genade van die Here en toewyding van Shiloh se personeel en die bydraes van getroue vennote. Die nederige sopkombuis van 14 jaar gelede voorsien steeds vier maal per week heerlike voedsame sop en brood aan 120 kinders, met ander woorde 38720 maaltye is die afgelope jaar bedien! Hierdie kinders word ook in ander programme opgeneem vir verdere ontwikkeling.

Die Terug-skool-toe-program word met die finansiële bystand van donateurs bedryf en 47 kinders word hierdeur 'n geleentheid gebied om uit die suigkrag van swak sosio-ekonomiese omstandighede te ontsnap. Van ons kinders presteer bo-gemiddeld in Wiskunde en ander vakke, en 3 dogters het WP-kleure in gimnastiek ontvang. Melani Abrahams was vanjaar hoofmeisie van die Watsonia primêre skool en is ook daarby 'n kranige landloopatleet

wat met goeie afrigting steeds verbeter. Vier behoueringseenhede is ook in die proses om omskep te word in 'n rekenaarsentrum, biblioteek en 'n tweedehandse klerewinkel.

By die dagsorgsentrum word 45 woelwaters versorg en touwys gemaak. Gereelde opvoedkundige uitstappies is deel van hulle kurrikulum.

Behalwe om die ouers van die Terug-skool-toe-kinders te begelei, ontvang 'n paar volwassenes ook daagliks kos by Shiloh. Weekliks word meer as 1000 etes aan TB en Vigspasiënte voorsien, terwyl hulle met die brood van die lewe bedien word. Dinsdae word geletterdheidsklasse vir volwassenes aangebied.

Geen program staan los van die geestelike doelwitte van Shiloh nie. Kerklike aksies word deur die week van stapel gestuur: bidure, selgroepe, jeugaksies, sanggroepe, mannekampe en evangelisasieveldtogte.

Word drome waar? 'n Geskikte huis, 'n skenking, ongeveer die helfte van die koopprys en samewerking met die Durbanville Kinderhuis, het Vidia Govender se droom van 'n Kinderhuis meer as net 'n moontlikheid gemaak. Die huis sal as 'n satelliet-huis van Durbanville Kinderhuis bedryf word. Ja, drome word waar!

Shiloh is 'n sambreelorganisasie waar ander Christelike inisiatiewe met dieselfde etos 'n tuiste vind. Op dié manier word geestelike leierskap geslyp en kennis en ervaring word uitgeruil. Met die familie wat groter word, staan Shiloh voor opwindende uitbreidings. Durbanville Gemeente was een van Shiloh se eerste vennote en ons kan vandag met dankbaarheid getuig dat daardie 5 brode en 2 vissies inderdaad 'n menigte voed.

# Handevatweek

- Jannie Kotzé

Ons gemeente se getuienisweek saam met Durbanville-Bergsig gemeente en die VGK Durbanville staan voortaan bekend as “Handevat-week.” Vanjaar is Durbanville-Bergsig die gasheer vir die week.

Die week skop af met 'n jeugaand op Sondag 12 Oktober, en eindig op Woensdagaand 15 Oktober. Die tema vir vanjaar se Handevatweek is: “Hy breek deur mure” en word aangebied deur Theo Geyser van Stellenbosch Gemeente.

Tydens elke jaar se Handevatweek word daar fondse ingesamel vir 'n spesifieke projek of bediening. Hierdie jaar het ons besluit om die fondse aan die nuwe "Learn to Earn" gemeenskapsprojek in Fisantekraal te bewillig.

Al drie gemeentes is by verskeie barmhartigheids- en uitreik-aksies betrokke. Die doel van al hierdie aksies is om getuies te wees van God se genade, liefde en barmhartigheid. Die Handevatweek bied ons gemeentes 'n geleentheid om hande te vat, gemeentelede te motiveer en nouer saam te werk in ons gemeenskaplike doel: om getuies van God se nuwe wêreld te wees.

Na elke aand se diens sal daar weer heerlik saamgekuier word met sop en broodjies terwyl belangstellendes kan kyk na uitstallings van verskeie getuienisaksies.

Kleuters en kinders wat dit moeilik vind om die formele diens by te woon sal vanjaar, onder goeie toesig, konstruktief in die kerksaal besig gehou word, wat ouers die geleentheid gee om die diens rustig by te woon.

Die Handevatweek beloof om hierdie jaar 'n besonderse geleentheid te wees, met 'n verskil ... sien julle daar!

# Jesus seën die kindertjies

- Heidri Fourie

Ek het onlangs 'n besoek afgelê by Feëtjie-Feëtjieland Kleuterskool en die Crèches van Fisantekraal om 'n bietjie te gaan loer hoe lyk raap en skraap gepersonifiseer. Min was ek te wagte dat hierdie skittergesiggies my gaan leer van dankbaarheid in oorvloed en dít in eenvoud: “life in debris.”

Dit was uiteraard ook hierdie onskuldige krag van 'n hoopvolle kind wat die harte van Ronél van der Merwe en Edith Fehrsen aangeraak het toe hul dit die minste verwag het. Ronél, wat betrokke is by Feëtjie-Feëtjieland, bieg dat sy nie van staanspoor af 'n passie gekoester het om met klein kindertjies te werk nie. Die Here het een Sondagoggend in die kerk, dit aan haar geopenbaar, dat Hy 'n blink toekoms vir hierdie kinders voorberei het, dat hulle nie tevrede hoef te wees met tweede beste nie en dat Hy háár hulp benodig om dit te bewaarheid. Wat 'n roeping, wat 'n voorreg! Netso het God 'n begeerte in Edith se wese geplant om die kinders van Fisantekraal, wat eers geen belowende vooruitsigte, geleenthede of hulpbronne gehad het nie, uit hul omstandighede te lig en te laat skyn.

Die Here het hulle ook gemotiveer om die kinders op 'n voorskoolse vlak van Hom te leer. Dit is hartroerend om te sien hoe God se Gees soos 'n sterk onderliggende stroom vloei en dit is ook sigbaar op die kinders se gesiggies as hul argeloos en uit volle bors wegtrek met: “Jesus loves me, yes I know!” Juf. Vanessa van Feëtjie-Feëtjieland en juf. Hilda van Babbels en Krabbels in Fisantekraal meen dat die gemeente hulle basies dra. Hulle waardeer die passellatjies soos sop, babaklere en Oom Sakkie Bosman se matrasse en beddens opreg en kan nie ophou om die kerk se lof te besing nie.

Volgens Ronél en Edith is daar egter nog baie wat gedoen kan word om hierdie instansies op die been te bring. Dit verg byvoorbeeld 'n brandblusser, plafonne, matte en 'n mediese kissie om een crèche in Fisantekraal geregistreer te kry. Feëtjie-Feëtjieland is ook tans in die aanvangsfase van die registrasieproses en sal graag 'n bord op die perseel wil oprig wat hul naam sigbaar kan maak vir die publiek. So is daar maar altyd goedjies wat gedoen moet word, maar dit is 'n seëning opsigself om net 'n draai daar te gaan maak. Die kinders is tog te ougat! Hulle word mooi geleer om altyd netjies te maak as hul klaar gespeel het en die plekkies is skitterskoon en fraai versier. Al gaan luister jy net na die Xhosa-kinders van Ouma en Monica se voordrag van die “padda-liedjie” en hoe hulle opgewonde rondhop op die klikklak van dié mooie Afrika-taal. Bowendien is boomplantdag om die draai en Edith voer reeds klomp plannetjies in die mou om die kinders bewus te maak van die nut en estetiese waarde van 'n boom: een van God se kosbaarste geskenke aan die mens.

Nouja, dit is maar net 'n breukdeel van die fantastiese dinge wat aan die borrel en bruis is daar waar ons dit nie aldag kan sien nie. Dit wys ons net weereens dat God se arm nooit te kort is om die hart van 'n kind te red nie. “Blessed are the hearts that can bend ... for they can never be broken” - St. Francis de Sales.

## Behoeftes

Feëtjie-Feëtjieland:

Bakke met deksels
Verwarmer
Stofsuier
Rasper
Blikoopmaker
Brandblusser
Oulike CDs vir skooltjie

Kontak Ronél vir verdere inligting by 082 837 9910

Crèches:

Speelgoed
Boeke
Onderwyseresse wat opgelei is
Brandblussers
Matte
Plafonne
Mediese kissies

Kontak Edith by 073 795 4580

# “Vrag vol Drome”

- Jannie Kotzé

Durbanville Gemeente vat hande met plaaslike en internasionale besighede om die evangelie te verkondig. Die getuienis-komitee van Durbanville Gemeente het onder leiding van Edith Fehrsen en Jannie Kotzé 'n vennootskap onderneem met Louw & Coetzee Prokureurs (Hanli Mari Voges), Johan Van Zyl Argitekte en “Cargo of Dreams” in 'n poging om die groot behoefte aan kleuteronderrig in Fisantekraal te ondersteun.

Die doelwit van ons program is om kleuters in Fisantekraal, wat tans onder moeilike toestande versorg word, die geleentheid tot skoon, standvastige kleuteronderrig te bied. Ons glo dat hierdie unieke benadering tot hulp aan arm gesinne in ons gemeenskap, 'n wonderlike manier is om betrokke te raak deur slegs u Godgegewe talente te gebruik. Die sukses van hierdie program hang volkome af van gemeentelede en besighede se gewilligheid om hande te vat en saam te werk aan 'n groter doelwit.

Ons eerste projek het reeds afgeskop met Louw & Coetzee Prokureurs wat besig is om 6-meter-lange vraghouers te bekom, wat op Durbanville Gemeente se gronde geplaas sal word, om daar omskep te word tot kleuterskoolfasiliteite vir Fisantekraal. Hou dus die kerkterrein dop.

In kort behels die projek die volgende: 1) omskepping van skeepvraghouers deur gemeentelede, 2) voorbereiding van kleuterskoolterrein vir oprigting, 3) installering van toerusting en klaskamerhulpmiddels, 4) bystand aan die betrokke kleuterskool in die vaslegging van goeie onderwysbeginsels en -tegniek, en laastens, 5) langtermyn-ondersteuning.

Hierdie projek gee ideale geleentheid aan kleingroepe, die jeug, vakmanne en jan-alleman om op 'n daadwerklike manier 'n bydrae te lewer in ons gemeenskap.

Ondersteuning kan op vele maniere plaasvind, onder andere 1) finansiële ondersteuning, 2) hande vir omskepping van vraghouers, 3) vakmanne soos loodgieters en elektrisiëns, 4) skenking van gebruiksmateriaal vir klaskamers, 5) hulp met onderrig-leiding en 6) algemene hulp soos kinderhande vir verfwerk.

'n Soortgelyke projek wat onlangs deur ons gemeente met sukses voltooi is, sluit die Feëtjie-feëtjieland projek in, met die verskil dat ons totale nuwe infrastruktuur vestig by bestaande kindersorgfasiliteite.

Behoefte aan hierdie projekte in areas soos Fisantekraal is geweldig groot. Help ons en belê in die opvoeding van ons kinders, morele opheffing en die verspreiding van God se Woord.

Indien u graag meer wil weet oor die projek is u welkom om Edith Fehrsen te kontak by 083 330 0641. Indien u bietjie meer wil uitvind oor “Cargo of Dreams”, besoek gerus hul web-tuiste by www.cargoofdreams.org, of kontak vir Marius Van der Colff by 074 123 7000. U kan ook vir Jannie Kotzé kontak by 082 926 0507.

Ons het u nodig, kom vat ons hand, lewer 'n bydrae, en bou saam brûe in ons gemeenskap.

# Die Pienk Huis - ’n interkerklike projek in diens van God se nuwe wêreld - Carla Ferreira

‘n Paar maande gelede is die tender vir die ontwikkeling van die area rondom die Pienk Huis in Queenstraat aan Genesis Property Holding (Bunker) toegeken. Die sakelui in Durbanville wat by hierdie projek betrokke is, het egter besluit om die Pienk Huis, wat tans besit word deur die Munisipaliteit van Durbanville, beskikbaar te stel aan die interkerklike gemeenskap (alle Christelike denominasies) in Durbanville, in die vorm van 'n 49-jaar huurkontrak – gratis.

Die visie van die Pienk Huis-projek is om die kerk in Durbanville te dien, sodat die kerk effektief kan funksioneer as die verenigde liggaam van Christus om die koninkryk van God te vestig en bekend te maak. Dit is 'n interkerklike projek wat die verskillende Christelike denominasies in Durbanville in staat te stel om gesamentlik as een liggaam van Christus, hul roeping uit te leef. Die Pienk Huis behoort dus as 'n katalisator te funksioneer wat Christene van verskillende denominasies bymekaar sal bring, terwyl hulle saam in diens is van die koninkryk van God.

Die viervoudige missie van die Pienk Huis-projek behels 1) die identifisering van behoeftes en geleenthede in die gemeenskap van Durbanville, 2) die versameling van inligting aangaande die bestaande bedienings in die verskillende gemeentes, 3) die vestiging van 'n netwerk van Christene aan wie hierdie inligting dan ook strategies gekommunikeer, gekoördineer en ten toon gestel sal word, asook 4) die gebruik van die media, multi-media, e-pos en funksies om effektief binne die netwerk te kommunikeer.

Die visie van die Pienk Huis-projek oorvleuel met ons gemeente se visie - “saam in diens van God se nuwe wêreld.” Dit is dus 'n wonderlike geleentheid vir ons om hande te vat met Christene van ander denominasies terwyl ons ons gemeentevisie uitleef. Tans word daar hard gewerk om die Pienk Huis op te knap sodat dit so gou as moontlik in gebruik kan kom. Navrae aangaande die Pienk Huis kan gerig word aan Henk by info@durbanville.co.za of besoek die webwerf www.durbanville.co.za .

# Petrus en Lisle Terugvoer

Liefste Gemeente! Dis 'n groot voorreg om 'n kans te kry om vir julle deur die SIG bietjie terugvoer te gee oor ons lewens. Die kortste opsomming is: God is goed vir ons.

## Ons konferensie

Middel Julie was dit ons organisasie se twee-jaarlikse konferensie. Ons geloof was sommer baie versterk om weer eens te besef dat God se oes NOU gereed is. Jesus sê vir sy dissipels: “Sê julle nie: 'Nog vier maande, dan is die oes daar' nie? Maar Ek sê vir julle: Kyk daar, kyk na die lande; hulle is ryp vir die oes” (Joh 4:35). Verder het ons besef dat die Heilige Gees mense se harte voorberei vir Hom (sien Joh 16:8). Ons werk is om hierdie mense te vind. Hulle is die begin van nuwe kerke. Hierdie mense word 'persone van vrede' genoem, en hulle lei gewoonlik hulle hele netwerk van verhoudinge na die Here. Cornelius en Lidia is voorbeelde van sulke mense (Hand 10&16). Die derde belangrike punt wat ons geleer het, is dat ons hierdie mense SLEGS kan vind deur die evangelie van Jesus te deel (sien Mat 10:14). Die impak daarvan is dat ons nou meer fokus om eers die evangelie te deel en dan te belê in verhoudinge met dié wat duidelik honger is.

## Hier en nou

Ons probeer om onmiddelik bogenoemde insigte toe te pas. Ons bou geestelike woordeskat op. Ons saai die evangelie, saam met baie gebed, in ons huidige vriende se lewens. Hierin ervaar ons dat die Heilige Gees ons groot vrymoedigheid gee. Petrus kon laas week die volle evangelie met ons buurman deel en het hom uitgenooi om daaroor te dink. Hy het dit ook met sy beste vriend gedeel deur 'n DVD wat 'n baie duidelike evangelieboodskap verkondig. Lisle het gevoel die Heilige Gees lei haar om vir 'n sekere siek vrou te bid. Sy het reeds verskeie kere met haar kontak gehad en in die naam van Jesus vir haar gebid. Deur dit alles glo ons die Vader wil ons tyd hier uitkoop: oor ongeveer 'n maand D.V. vertrek ons om 'n taalskool in die hoofstad van DIRI by te woon.

## Die lig skyn in die donkerte!

Ons was so bly om te hoor van al Durbanville Gemeente se aktiwiteite gedurende die Xenofobiese geweld in Suid-Afrika. Die spreekwoord is waar: “Die lig wat die helderste skyn by die huis, skyn die verste in die wêreld in.” Ons is lief vir julle en is so bly om saam met julle in diens te wees van God se nuwe wêreld!


WOONSTEL TE HUUR
HERMANUS

VEILIGE TWEESLAAPKAMER WOONSTEL VOLLEDIG GEMEUBILEER
SLAAP 4 PERSONE
BINNE STAPAFSTAND VAN SEE EN HERMANUS MIDDEDORP

BESKIKBAAR:
16 JANUARIE 2008 TOT 31 JULIE 2008: R300 PER NAG
1 AUGUSTUS 2008 TOT 15 JANUARIE 2009: R400 PER NAG

KONTAK ASB. 082 332 3381


# Gebed

- Arthur Keizer

Ag, Here, God van die hemel, groot en ontsagwekkende God wat u verbond en u troue liefde handhaaf teenoor dié wat vir U liefhet en u gebooie gehoorsaam, luister tog, gee tog ag op die gebed wat ons, u dienaars, sonder ophou tot U bid.

Ons bid vir u dienaars, die Durbanvilliete, ons doen belydenis van die sondes wat ons teen U begaan het. Met die inwyding van ons kerk op 6 Augustus 1826 het Ds Berrange die kerk geseën uit Matteus 21:13, “Mijn huis zal een huis des gebedes worden.” Dit was 'n gelofte Here! Deur die geskiedenis is daar verskeie gereelde bidure ingestel en vanaf 1965 elke Woensdagaand. Here ons dank U, loof en prys u vir die groepie wat nog elke Woensdagoggend sesuur kom saam bid vir die gemeente. Here ons dank U vir die ander groepies wat nog bid. Here ons dank U vir die gebede vanuit ons selgroepe en Bybelstudiegroepe.

Maar Here ons vra U, in ons nederigheid en totale onverstaan van hoe gebed werk of hoe U ons gebede gebruik, om ons gemeente te seën. Ag, Here, luister tog na die gebed van u dienaars, hulle vir wie dit 'n vreugde is om u Naam te eer. Laat ons tog voorspoedig wees met wat ons vandag wil doen. Here, ons wil in getalle saamkom en ons gemeente en ons dorp aan u opdra deur gereelde bidure, inter-gemeentelike gebedsbyeenkomste, bidwandel deur die dorp, gebedseminare, tegnologie-gedrewe gebedskettings en die opdra van ons leraars voor U voete, o Heer. Here, ons gebed is dat U die hele gemeente se harte roer Here, en die mense gewillig, nee entoesiasties, selfs driftig maak om saam voor U te kniel en te bely dat ons U nodig het en dat ons as gemeente totaal onvrugbaar is sonder U. Ons vra dit in die belofte van U genade en in die naam van Jesus Christus, amen.

# Riemvasmaak: vreemde tale, ontvoerde honde en vrede

- Christi Thirion

Wanneer ek sê: “Mamma Julie se crèche” of “The Jaakness” of “Ou my da” en jy dink ek begin yl of het die gawe van tale ontvang, dan was jy verseker nie saam na Riemvasmaak toe nie. O, en as jy gehoor het van Ribbes, die ontvoerde hond, dan het jy nog 'n Riemvasmaak-storie teëgekom. Maar wat jy nie sal hoor nie, is die belangrikste ding wat teruggebring is uit Riemvasmaak en Vredesvallei: VREDE.

Dit was hierdie jaar die eerste keer wat Durbanville Gemeente en Durbanville-Bergsig saam na Riemvasmaak toe was. Ons was in die verlede elke keer Decoligny toe, maar weens die gespesialiseerde bouwerk aan die Sinethemba kinderhuis moes ons 'n bietjie ander dele van ons land besoek. So het die Here dan vir Riemvasmaak en Vredesvallei in die Noord-Kaap oor ons pad gebring.

In Decoligny het ons gaan bou en breek en verf, maar in Riemvasmaak en Vredesvallei het ons net gegaan om mense met die liefde van die Here te bedien. Ons het geen "plan van aksie" gehad nie. Ons het net geweet dat daar 'n tannie Marie en Steven is wat ons gaan ontvang, dat daar baie mense is wat nie gedurende die dag besig is nie en dat ons in Vredesvallei Laerskool gaan bly met geen storte of warm water nie.

Vooraf het Schalk van der Merwe en Niël Benadé vir ons 'n donkie gebou sodat ons met stortsakke 'n badkamertent kon prakseer. Annes Schröder het die oomblik toe hy gehoor het van ons uitreik gesorg dat ons 'n magdom sokker-, rugby- en netbalballe by Adidas geborg gekry het en kon saamneem. Arthur en Erina Keizer het begin planne beraam om vir ons kos op oop vure en gasbranders te maak en Oom Theuns van Eljosa het gesorg dat ons veilig daar kom in die bus genaamd Jock.

Tog was dít nie wat die besoek besonders gemaak het nie. Die besoek was besonders oor die mense van Vredesvallei en Riemvasmaak. Wat dit besonders gemaak het was die VREDE van die Noord-Kaap vlaktes en hoe maklik dit was om bewus te word van God se werk. Nog meer: eintlik om te sien hoe God reeds aan die werk is op plekke waar ons baie keer dink dat ons namens Hom moet werk. Eintlik sal elkeen van die 33 mense wat daar was vir jou iets anders kan vertel van die besondersheid en die ontmoeting met God. Maar een ding was vir ons almal helder en duidelik: die Here van Durbanville is ook die Here van Riemvasmaak en Vredesvallei.

# Tiendemaand Fondsinsameling

- Ds Freek Serfontein

Voor die volgende Sig by ons uitkom, sal die Tiendemaand Fondsinsameling van stapel gestuur word. Dit is nie 'n geringe saak nie. Dit is met hierdie fondsinsameling wat ons die sake en projekte buite ons gemeente befonds.

Toe ons gemeente 'n paar jaar gelede besluit het om deel van die vennootskap van gestuurde gemeentes te word, het ons net weer besef dat 'n gemeente van Jesus Christus nooit net ter wille van haarself kan bestaan nie. Gemeentes is geroep om die saak van die Here wyer en wyer te neem. Die tabel regs wys vir u wat die sake is waarby ons as gemeente betrokke is.

Wat met die loop van jare baie verander het, is die metode van insameling. Daar is baie wyke wat nie meer herderleiers en/of wykswerkers het nie. Van ons lidmate het debietorders geteken. Ander doen maandeliks elektroniese oorbetalings. Nog ander sit hulle dankoffers in die kollektesakkies. Watter metode u ook al verkies, ons sal bly wees as u ons sal help om die mikpunt van R950 000 te bereik. So kan ons almal saamwerk om God se nuwe wêreld ook buite die gemeente te laat sigbaar word.

Mag die gee van u Tiendemaand dankoffer vir u 'n gewigtige saak wees en mag dit vir u 'n voorreg wees om 'n goeie rentmeester van God te kan wees.

## TIENDE MAAND FONDSINSAMELING

| | |
|---|---|
| Karl Bremer (Bydrae tot Suster Nene se salaris) | 47,906 |
| Morningstar /Scottsdene (Bydrae tot salarisse aan die Ring) | 62,308 |
| Kraaifonteingemeentes (Bydrae tot salarisse aan die Ring) | 20,787 |
| Sokhanya Bybelskool | 20,000 |
| Masibambane Ring (Bydrae aan die Ring) | 8,682 |
| Jeug | 197,232 |
| Bejaardesorg | 8,000 |
| Gemeente ontwikkeling Ring | 11,236 |
| Uitreikaksie Sendelinge - Petrus & Lisle en 13th Floor | 135,000 |
| Richard Black Fonds | 6,000 |
| Omgeediens | 140,637 |
| Huis Aristea | 12,000 |
| Sinodale aandeel 2008/2009 | 402,000 |
| TOTAAL : UITGAWES | R1 071 788 |
| MIN : TEKORT OM BOGENOEMDE BEGROTE GETUIENIS UITGAWES TE DEK | 121 788 |
| 10DE MAAND MIKPUNT | R950 000 |

# Kruispaaie

- Leon Venter

Daar was geen rede om te vermoed dat my pad sou kruis met dié van Alta du Toit Nasorgsentrum, of met KwaNothemba Centre for the Disabled in Khayelitsasha, of selfs met dié van BADISA nie. Immers was my loopbaan goed op dreef na 32 jaar by dieselfde werkgewer. Toe, onverwags op 'n Sondagmiddag, kry ek die boodskap: "Jy moet plek maak ..."

Dit is nou 6 jaar later. Sedertdien was daar elke dag geleentheid om 'n klein bietjie hulp te gee. Soms was dit groot, maar dikwels so klein soos 'n bemoedigende klop op die skouer.

Wat 6 jaar vantevore gebeur het, het nou 'n heel ander perspektief. Die mees uitstaande besef is dat dit nie mense was wat vir my vroeë aftrede verantwoordelik was nie, maar God wat tyd geskep het vir 'n doodgewone mens om 'n slag iets vir Hom te doen. En daardie iets was dalk om 'n greintjie hulp en hoop te help skep by mense wat dit werklik nodig het.

Die prentjie is duideliker as 'n mens verstaan dat die Alta du Toit Nasorgsentrum nagenoeg 300 volwasse intellektueel-gestremdes versorg. KwaNothemba is 'n sentrum in die hartjie van Khayelitsha en daar word ongeveer 80 volwasse gestremdes sinvolle geleenthede gegee met ligte werkies soos houtwerk, naaldwerk, 'n bakkery en ander take.

Dan is daar BADISA, die kern van ons eie kerk se welsynsaktiwiteite. Tot my verleentheid moet ek bieg dat ek nie eens vroeër van hulle bestaan bewus was nie. Nou glo ek dat waar daar in die Wes-Kaap NG familie hoop is, dan is BADISA die hoeksteen. Hulle bied 162 programme van hulp en hoop aan. Dit sluit Alta duToit Nasorg (en Skool) in, maar strek oor die hele provinsie hulle arms met bejaardesorg, straatkinders, vigs-projekte, gestremdes, ens. Sien hulle webtuiste www.badisa.org.za.

My teologiese kennis skiet ver tekort, maar my vertolking van die woorde "salig is dié wat treur" is dat daar hoop sal wees as almal iets doen aan die seer en swaarkry wat so sigbaar rondom ons is, eerder as om te wag dat "hulle" die probleem pak. En die wonderlike is dat doodgewone mense almal toegerus is om direk of indirek daardie hoop en hulp te verskaf .

# Saam in diens van God se nuwe DIEREwêreld

- Rosa Feifer *(Stigter van Fisantekraal Animal Welfare)*

Dinge gaan goed in Fisantekraal onder erge omstandighede van werkloosheid en armoede en mense wat sukkel om hul troeteldiere die nodige kos en warmte te gee.

Fisantekraal Animal Welfare (FAW) het so pas 'n berig in die koerant geplaas vir skenkings van tweedehandse hokke vir diere wat koud en nat slaap. Ons het 62 hokke wat opgetel moet word en die oproepe kom steeds in. Volgende winter sal baie diere warm en droog slaap.

FAW se vrywilligers is steeds vol moed en werk sonder vergoeding om diere te voer, hospitaal toe te ry, diere aan kort kettings op lopers te sit, ens. Elke Dinsdag gee die PDSA (People's Dispensary for Sick Animals) vir ons 'n Kliniek (ontwurming, inspuitings, behandel wonde, brandsiek, ens.) en neem 6 of 8 diere na hul hospitaal in Bridgetown vir sterilisasie. Ons sien nie meer pienk honde (brandsiek - verloor hulle hare) of distemper (die dier staan en ruk van ondervoeding en virus in die brein) nie.

Ongelukkig sukkel ons baie met gebreekte bene aangesien die erwe nie omhein is nie en die huurmotors veral, die diere raakry. Hierdie operasies is baie duur en ons moet baie keer die dier aan die slaap sit aangesien die eienaar, selfs met ons hulp, nie die kostes kan dra nie. Wat ons ook al hoe meer sien is honger honde, omdat die mense sukkel om genoeg kos vir hul diere te koop. Ons help waar ons kan, maar het droë kos vir honde en katte baie nodig.

Die Here het vir ons by FAW 'n yslike werk gegee, maar ons is nie van plan om slap te lê of die leisels neer te gooi nie. Ons werk almal as vrywilligers, sonder enige vergoeding, maar word beloon deur Sy toesig en nabyheid. Ons gaan saans bed toe met die wete ons het vandag 'n verskil gemaak in God se dierewêreld.



DESIGN A PRINT - 021 975 9648